



SADiLaR

South African Centre for Digital Language Resources

NUUSBRIEF

BEFONDS DEUR:



science & innovation

Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEHUISVES DEUR:



NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA

VENNOTE:



Touching lives through innovation



Inter-institutional Centre for Language
Development and Assessment



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

AFRIKAANS: November 2021



SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE – KERNROLSPELERS IN SADILAR SE STRATEGIESE PLAN

- Prof Langa Khumalo

Die visie van SADiLaR is om digitale navorsing en ontwikkeling in Suid-Afrika se 11 amptelike tale moontlik te maak, om vakkundige studiebeurse in Digitale Geesteswetenskappe in Suid-Afrika en die kontinent te ontwikkel en te laat toeneem, terwyl strategiese sinergie geskep word, met behulp van plaaslike en internasionale vennote met soortgelyke of aanvullende infrastruktuur.

LEES OOR:

Suid-Afrikaanse universiteite – kernrolspelers in SADiLaR se strategiese plan

Covid-19 Veeltalige-terminologiprojek

Digitale woordeboek-hulpbronne vir N|uu

#VroueMaand2021: Kweek 'n gemeenskap van tegnologies bemagtigde vroue in geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe

Navorsing oor Afrikaanse genderterminologie deur SADiLaR

Komende geleenthede/gebeurtenisse:

1

2

3

9

11

12

Die universiteite van Suid-Afrika is daarom strategiese sentrums wat oor die vermoë beskik om die visie en missie van SADiLaR te versterk. Hulle word in hierdie opsig as strategiese vennote gekenmerk. Die uitvoerende direkteur van SADiLaR, prof Langa Khumalo, het besoeke aan universiteite onderneem om 'n kerngedeelte van die fokusarea vir strategiese betrokkenheid van die Sentrum van stapel te stuur, soos ook duidelik in SADiLaR se strategiese plan verwoord.

As gevolg van die Covid-19-pandemie het al die besoeke tot op hede virtueel deur gekoppelde platforms soos "Zoom" of "Microsoft teams" plaasgevind. By hierdie vergaderings het prof Khumalo die missie en visie van SADiLaR duidelik verwoord. Die doel van die besoeke is, onder meer, om samewerking tussen hierdie universiteite en SADiLaR aan die gang te sit op grond van die onderskeie instellings se geïdentifiseerde areas van behoefte, of nisareas wat hierdie universiteite wil ontwikkel. Die uitkomst was wisselend en interessant, en hou 'n moontlikheid vir sukses in. Die verbintnisse met Stellenbosch Universiteit, die Universiteit van die Witwatersrand, Universiteit van Pretoria en Universiteit

van Venda, het tot verdere vergaderings gelei om bande of projekte van gemeenskaplike belang en voordeel te konkretiseer. Besoeke aan die Universiteit van KwaZulu-Natal het uitgedaag op die bekendstelling van 'n digitale geesteswetenskaplike module in die Skool vir Kuns. Hierdie module sal heeltemal aanlyn aangebied word, wat in die tweede semester van die akademiese jaar 2021 getoets sal word.

SADiLaR is by hierdie instellings betrokke om 'n memorandum van verstandhouding te finaliseer wat voortdurende en toekomstige verbintnisse sal formuleer. Met die inwerkingtreding van die Nuwe Taalbeleidraamwerk vir Hoër Onderwys, lei prof Khumalo, in samewerking met Universiteite Suid-Afrika (USAf), 'n drieledige colloquium-reeks met die visekanseliers en adjunk-visekanseliers van al 26 openbare instellings en ander kernbelanghebbers, om SADiLaR te posisioneer as kernspeler in die verskaffing van tegniese en strategiese hulpbrondersteuning in die suksesvolle implementering van die Nuwe Taalbeleidraamwerk vir Hoër Onderwys. Die universiteitsbesoeke is tot dusver 'n reusesukses.





COVID-19 VEELTALIGETERMINOLOGIEPROJEK

- Nomsa Skosana en Respect Mlambo

Vroeër in hierdie jaar het die Stad Tshwane die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulbronne (South African Centre for Digital Language Resources) (SADiLaR) genader om te help met die ontwikkeling van 'n Covid-19 veeltalige terminologielys vir al die Suid-Afrikaanse tale.

SADiLaR is genader weens die Sentrum se sterk instaatstellende funksie met duidelike toespising op die ontwikkeling van alle Suid-Afrikaanse amptelike tale, en sy ondersteuning van navorsing en ontwikkeling in die domeine van taaltegnologie en taalverwante studies in die geestes- en sosiale wetenskappe.

Terminologielys is deur die Stad Tshwane en SADiLaR versamel. Definisies en verduidelikings van die terme is net in Engels verskaf. Die Stad Tshwane en SADiLaR het daarna die ooreenstemmende terme in al Suid-Afrika se amptelike tale verskaf. Die Stad Tshwane het hierdie ekwivalente in ses tale verskaf, naamlik Sepedi, Setswana, Afrikaans, isiZulu, Tshivenda en Xitsonga, en SADiLaR het die ekwivalente in die oorblywende vier tale, isiNdebele, Siswati, isiXhosa en Sesotho, verskaf. Al die terme in al die tale is toe deur beide die Stad Tshwane en SADiLaR geredigeer. Die bevestiging van die terminologie is deur terminologie-verifiëringskomitees onder die Nasionale Taalliggame (NTL/NLB) gedoen, die proses is deur SADiLaR gefinansier, en deur die Stad Tshwane gekoördineer. Nie net NTL-lede is by die verifiëringsproses ingesluit nie,

maar ook taalpraktisyns en navorsers vir al die tale, asook kundiges in die studieveld.

Die projekspan is uit die volgende lede vir elke taal saamgestel:

- **Afrikaans:** 4 NTL-lede, 5 taalpraktisyns en navorsers en een kundige van die Departement van Gesondheid.
- **IsiXhosa:** 13 NTL-lede, 1 taalpraktisyn en navorser.
- **Siswati:** 9 NTL-lede, 2 taalpraktisyns en navorsers, en een kundige in die studieveld.
- **IsiNdebele:** 11 NTL-lede, taalpraktisyns en navorsers, en een kundige van die Departement van Onderwys.
- **Setswana:** 13 NTL-lede en 3 taalpraktisyns.
- **Sesotho:** 8 NTL-lede, 1 taalpraktisyn en/of navorser, en een kundige in die studieveld van die Departement van Gesondheid.
- **IsiZulu:** 12 NTL-lede, 3 taalpraktisyns en navorsers, en een kundige in die studieveld.
- **Xitsonga:** 12 NTL-lede, 3 taalpraktisyns en navorsers, en een kundige in die studieveld van die Departement van Gesondheid.
- **Sepedi:** 11 NTL-lede en 3 taalpraktisyns.

Klik hier om
ons te kontak:





- **Tshivenda:** 10 NTL-lede, 1 taalpraktisyn en/of navorsers, en een kundige uit die studieveld.
- **Engels:** 1 navorsers en een taalpraktisyn.

Al die 136 NTL-lede, taalpraktisyns, navorsers, ander lede van SADiLaR, en dié van die Stad Tshwane het tot die uiteindelijke sukses van die projek bygedra.

Die egverklaring/bekragtiging en die standaardisering van die veeltalige terminologielys is toe deur die NTL onderneem onder Pansat as 'n stigter van hierdie proses. Die Stad Tshwane het die laaste stadiums van die projek

voltooi, wat aaneenskakeling van die terme, die druk van brosjures asook die verspreiding van die brosjures in sagte en harde kopieë ingesluit het.

Die Stad Tshwane het die COVID-19 veeltalige terminologielys in Julie amptelik deur hulle webtuiste www.tshwane.gov.za as 'n vrylik beskikbare bron gepubliseer, en gedrukte afskrifte is na verskeie departemente/afdelings versprei. Die terminologielys is ook op SADiLaR se institusionele pakhuis beskikbaar by: <https://hdl.handle.net/20.500.12185/544>.

SADiLaR se institusionele pakhuis



DIGITALE WOORDEBOEK- HULPBRONNE VIR N|UU

- Kerry Jones, Bonny Sands, Menno van Zaanen

N|uu is 'n ernstig bedreigde !Ui-Taa-taal wat geskiedkundig deur die #Khomani-mense van Suid-Afrika gepraat is. Die #Khomani was tradisioneel jagter-versamelaars uit die suidelike Kalaharistreek. Deesdae volg hulle 'n meer sedentêre leefstyl en beweeg nie meer rond nie.


Ongelukkig is daar, sover taalkundiges weet, deesdae net een lewende vlot moedertaalspreker van N|uu. Haar naam is #Xuu |Eeki Katrina Esau. Oor die afgelope jare het "Ouma", soos sy toegeneë genoem word, nabye familie en vriende met wie sy die N|uu-taal gedeel het, verloor.

In 'n poging om geskiedkundige en taalkundige hulpbronne wat in N|uu geskep is, te verenig, werk African Tongue tesame met die N|uu Language Authority (taalinstansie vir N|uu) en SADiLaR aan 'n projek genaamd Digital Dictionary

Resources for N|uu.

Die primêre fokus van hierdie projek is om geskiedkundige en eietydse navorsing oor die N|uu-taal in 'n woordeboek saam te voeg wat in drie formate gepubliseer sal word, naamlik 'n beperkte oplaag van 'n fisiese woordeboek, 'n digitale woordeboek wat via 'n woordeboektoegangspoort toeganklik sal wees, en 'n woordeboek-toep. Hierdie hulpbronne sal na voltooiing daarvan vroeg in 2023 vrylik beskikbaar wees.

Kontak ons:





science & innovation

Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Medewerkers aan die projek



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

NORTHERN
ARIZONA
UNIVERSITY



sport, arts & culture

Department:
Sport, Arts and Culture
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Kontak ons:



KORT AGTERGROND TOT DIE VROEË OPTEKENING VAN N|UU:

In die 1970's is gedink dat die N|uu-taal nie meer in suidelike Afrika bestaan het nie. In die 1990's het 26 sprekers van N|uu gedurende 'n kulturele erfenis ouditproses deur UNESCO hulleself nietemin bekendgestel. Taalkundiges soos Nigel Crawhall, Tony Traill en Levi Namaseb het bevestig dat hierdie sprekers inderdaad N|uu gepraat het, en nie Nama, soos voorheen deur plaaslike inwoners gedink is nie. Crawhall, Traill en Namaseb het toe geesdriftig begin om die taal op te teken as 'n kwessie van nasionale belang. 'n Gedetailleerde weergawe van hierdie proses in samewerking met lede van die plaaslike gemeenskap is beskikbaar by die Universiteit van Kaapstad, Spesiale Versamelings/Special Collections

onder die naam "#Khomani San | Hugh Brody Collection (BVF41)".

Sedertdien word die N|uu-taal as plaaslik en internasionaal belangrik beskou deur baie taalkundiges wat meer wil weet oor bedreigde suidelike Afrika-tale. Die mees onlangse versameling en bevestiging van data is in Mei 2021 in Upington gedoen deur Kerry Jones, Ouma Katrina Esau (die laaste N|uu-spreker), Claudia Snyman (kleindogter van Ouma Katrina Esau), David van Wyk (sekretaris van die N|uu Taalinstansie), Sussie Bock (Kalahari-lid van die N|uu Taalinstansie en afstammeling van N|uu-sprekers) en Bonny Sands (wat aanlyn uit die VSA gehelp het).

NOUKEURIG VERGELYKTE GEGEWENS VIR NAVORSING EN ONTWIKKELING:

Taalkundige gegewens ingesamel deur Bonny Sands, Chris Collins, Amanda Miller, Johanna Brugman, Levi Namaseb en Alena Witzlack-Makarevich is goedgeunstig vir hierdie projek beskikbaar gestel. Tot op hede is die dataversameling omvattend en bestaan dit uit meer as 1560 leksikale items. Dit is opgeneem saam met moedertaalsprekers wat sedertdien oorlede is: Anna Kassie, Hanna Koper, Griet Seekoei, |Una Rooi, Kheis Brou, Hannie Koerant, Andries Olyn, Vytjie |Abaka Koper en Simon Sauls. Ouma Katrina Esau is ook by hierdie geskiedkundige opnames ingesluit, en sy gaan tot op hede steeds voort met verdere bevestiging van vertalings en duidelike klankopnames.

Al hierdie opgetekende leksikale inskrywings is vertaal in Afrikaans, Engels en Khoekhoegowab (die Namibiese weergawe, soos opgeneem deur prof Levi Namaseb). Daarbenewens is daar IPA-transkripsies/oorsettings (wat die uitspraak van die woorde beskryf) van die N|uu-inskrywings wat opgeneem is. Die dataversameling bied ook 4860 opnames van leksikale items binne die konteks, asook 20,000 aanvullende opnames (d.w.s., diftonge, teikengerigte lyste, en leesboekies vir beginners). Ondanks skrapse dokumentering van N|uu in latere jare, bied hierdie dataversamelings 'n breedvoerige beskrywing en dokumentering van die taal.



Medewerkers aan die projek



RHODES UNIVERSITY
Where leaders learn



AFRICANTONGUE
Professional linguistic consultancy

Kontak ons:



Alle gegewens word nou gesuiwer en digitaal gaegee om op die institusionele pakhuis van SADiLaR beskikbaar gestel te word

ooreenkomstig BILLIKE beginsels om te verseker dat dit opspoorbaar, toeganklik, onderling funksionierend en herbruikbaar is.

PROJEK-UITSET:

Die volgende uitsette word beplan om teen 2023 vir die Suid-Afrikaanse publiek en in die algemeen vir die wêreld beskikbaar te wees:

1. FISIESE WOORDEBOEK

Ongeveer 5000 beperkte uitgawe woordeboeke in harde kopie, met optekening in al vier tale wat hier bo beskryf is, sal aan die #Khomani-afstammeling, uitgesoekte biblioteke, akademici en taalaktiviste beskikbaar gestel word. Die woordeboek sal die biografieë van die N|uu-sprekers wat aan die projek deelgeneem het, asook van die taalkundiges wat aan hierdie dataversamelings gewerk het, insluit.

2. TOEP VIR MOBIELE WOORDEBOEK

Die mobiele woordeboektoep-weergawe van die woordeboek sal op iOS asook Android beskikbaar wees, en verskaf 'n soek-koppelvlak wat maklik is om te gebruik. Huidige ontwikkelings dui aan dat die toep

twee modusse sal vertoon: 'n nie-gekoppelde en gekoppelde weergawe met effens verskillende funksionaliteit. 'n Keuse van die klankopnames sal ook deur die toep beskikbaar gestel word.

3. WOORDEBOEK OP WEBTUISTE

Die webtuiste-weergawe van die woordeboek sal meer kenmerke as die toep-weergawe hê omdat dit minder beperk sal wees rakende ruimte en mobiele beperkings. Dit sal via webdeurblaaiers toeganklik wees en as 'n woordeboek-toegangspoor op SADiLaR se webtuiste beskikbaar gestel word. Dit sal soortgelyke funksionaliteit as die mobiele toep hê, en bykomende klankopnames sal ook beskikbaar gestel word. Vir die mobiele woordeboek asook die webtuistewoordeboek moet spesifieke funksionaliteit ontwikkel word, byvoorbeeld om te handel met die invoeg van simbole om klikgeluide voor te stel wat dikwels in die N|uu-taal voorkom.

DIE VOLGENDE STAPPE IN DIE PROJEK:

Die dataversameling word tans gesuiwer en die woordeboek-inskrywings moet met die oorblywende N|uu-spreker bevestig word. Die ortografie moet dan verenig word uit die werk van vorige navorsers/taalkundiges om konsekwentheid deur die hele dataversameling te verseker. Bykomende klankopnames sal waar nodig gemaak word en die metadata van die dataversameling moet nagegaan en waar nodig reggestel word. Sodra die

dataversameling gesuiwer is en vir konsekwentheid en volledigheid nagegaan is, sal dit op die SADiLaR-bewaarplek beskikbaar gestel word. Dit stel belangstellende navorsers in staat om vrylik toegang tot die data te verkry. Hierdie dataversameling sal dan in die verskillende formate omskep word wat nodig is vir die skepping van verskillende modaliteite (fisiese woordeboek, woordeboektoep en metadata).

BEFONDS DEUR:



science & innovation

Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Medewerkers aan die projek



science & innovation

Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SADiLaR
South African Centre for Digital Language Resources

Kontak ons:



Die projek staan 'n reeks uitdagings in die gesig, byvoorbeeld indien net een spreker van N|uu betroubare inligting oor die optekeninge in die dataversameling kan verskaf. Die huidige pandemie maak dit moeilik om te reis omdat die gesondheid van deelnemers in ag geneem moet word. Tegnies verskaf die diakritiese tekens/simbole wat gebruik word om die klikklanke en geluide tydens uitspraak aan te dui, interessante uitdagings. Die invoeg van hierdie tekens in die digitale weergawes van die woordeboek is byvoorbeeld moeilik, omdat hierdie simbole nie op 'n sleutelbord voorkom nie. Om voorstelle te verskaf (m.a.w., in die geval van spelfoute), is ook uitdagend. Al hierdie uitdagings geniet tans aandag deur die gebruik van 'n reeks kreatiewe oplossings. Hierdie uitdagings en oplossings toon aan dat die ontwikkeling van hierdie

soort hulpbronne nie maklik is nie en ad hoc-oplossings moet deur die navorsingspan geïdentifiseer word.

Medewerkers aan die projek:

African Tongue, N|uu Language Authority (Taalinstansie), Departement van Wetenskap en Innovasie, Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne, Stellenbosch Universiteit, Rhodes Universiteit, en Northern Arizona University

Befonds deur: Departement van Sport, Kuns en Kultuur.

Gaan asseblief na die volgende skakel vir 'n gratis aanbieding indien u verdere inligting oor hierdie projek verlang:

https://figshare.com/articles/presentation/Development_of_a_digital_dictionary_for_N_uu/15104322



Onderskrif: Vroeë taalkundige veldwerk in die 1990's om die N|uu-taal op te teken. Van links na regs, Dawid Kruiper (vorige tradisionele leier van die †Khomani), Andries Olyn (spreker van N|uu) en Nigel Crawhall (taalkundige en menseregte-aktivis).



Gaan asseblief na die volgende skakel vir 'n gratis aanbieding indien u verdere inligting oor hierdie projek verlang:



Kontak ons:



Onderskrif: Dawid Kruiper werk saam met Namibiese taalkundige, Levi Namaseb, aan tradisionele plaasname in die Kalahari-streek.



Onderskrif: #Khomani-bejaardes buite die Kgalagadi Oorgrenspark, soos dit vandag bekend staan. Hierdie grond is van hulle ontnem om vir 'n nasionale park plek te maak. Hulle het sedertdien hulle grond in en om die Kgalagadi Oorgrenspark in die Noord-Kaap suksesvol teruggekry en het ook toegang tot die park.



Onderskrif: Die Swartkop-susters is sprekers van die N|uu-taal, wat in die 1990's na vore gekom het en later aktiviste vir hulle taal, kultuur en erfenis geword het.

Kontak ons:



Onderskrif: Taalkundige Bonny Sands werk saam met N|uu-spreker, Simon Sauls, in 'n tydelike kantoor in die Kalahari, 2006.



Onderskrif: Datastawing in Upington met Kerry Jones, Ouma Katrina Esau, Sussie Bock, David van Wyk en Claudia Snyman, Mei 2021.

9 Augustus 1956




#VROUEMAAND2021: KWEEK 'N GEMEENSKAP VAN TEGNOLOGIES BEMAGTIGDE VROUE IN GEESTESWETENSKAPPE EN SOSIALE WETENSKAPPE

- Anelda van der Walt

"Suid-Afrika vier vrouemaand in Augustus as 'n huldeblyk aan die meer as 20 000 wat op 9 Augustus 1956 na die Uniegebou gemarsjeer het om teen die uitbreiding van die paswette om vroue in te sluit, beswaar te maak. Die Regering van Suid-Afrika het Augustus as vrouemaand verklaar en 9 Augustus word jaarliks as vrouedag gevier." (<https://www.gov.za/womens-month>)

Kontak ons:



Hierdie jaar het ESCALATOR vrouemaand gevier deur die loodsing van die EMPOWER-spoor van die Digital Champions Initiative op 5 Augustus. Om te begin, het EMPOWER 'n reeks geleenthede aangebied onder die titel: "Ontdek jou plek in 'n toenemend digitale wêreld as 'n vrou in Geestes- of Sosiale Wetenskappe". Die geleentheid was oop vir vroue wat met Suid-Afrikaanse navorsings- en

akademiese instellings geaffilieer is, op alle stadiums van hulle loopbane, en wat op enige vlak digitale of tegniese ervaring het.

Die reeks was daarop gerig om vir vroue in geestes- en sosiale wetenskappe aan te toon waarom hulle deel van die tegnologiegesprek moet word, wat die waarde van digitale en rekenaar-



Digital Champions Initiative Youtube-kanaal



Kontak ons:



navorsing is, hoe hulle kan leer en groei, en waar hulle ondersteuning kan kry. Ons het veral gemeenskappe vertoon wat tot groeiende inklusiwiteit en verskeidenheid in tegnologie verbind is, soos WanaData, RLadies, The Carpentries, en Youthmappers. Ons sprekers het ook tegnologiepraktisyns binne 'n verskeidenheid van navorsingsgebiede, soos onderwys, antropologie, internasionale verhoudingstudies, en psigologie/sielkunde ingesluit.

Volgens 'n verslag wat in 2018 deur die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) gepubliseer is, met die titel "BRIDGING THE DIGITAL GENDER DIVIDE INCLUDE, UPSKILL, INNOVATE" (2018), is dit steeds veel minder waarskynlik dat vroue tegnologie gebruik. In die voorwoord sê die skrywers die volgende: "Vandag verskaf die digitale transformasie nuwe wyses vir die ekonomiese bemagtiging van vroue en kan tot groter geslagsgelykheid bydra. Die internet, digitale platforms, sellulêre fone en digitale finansiële dienste bied 'oorspring-geleenthede' vir almal, en kan help om die gaping te oorbrug deur aan vroue die moontlikheid te bied om bykomende inkomste te verdien, hulle beroepsgeleenthede te vermeerder, en toegang tot kennis en algemene inligting te verkry. Ons moet hierdie geleentheid aangryp om groter geslagsgelykheid in die arbeidsmark te koester, ekonomiese groei 'n hupstoot te gee en 'n meer inklusiewe, digitale wêreld te bou."

En die aankweek van 'n meer inklusiewe digitale wêreld is juis een van die groot doelwitte van die ESCALATOR program. Die Digital Champions Initiative (inisiatief vir digitale kampvegters), 'n vlagskip-aktiwiteit van ESCALATOR, is 'n sesspooor-mentorskapprogram om navorsers in geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe te ondersteun in hulle digitale en rekenaarreise. Die ses spore is almal op verskillende gehore gerig, met die EMPOWER-spooor wat spesifiek op vroue toegespits is.

Die EMPOWER-spooor se loodsreeks het vier sessies ingesluit, met twee sprekers per sessie. Gedurende die sessies het ons gemeenskapsleiers in tegnologie uit gemeenskappe wat aktief daarna streef om vroue en ander minderhede te ondersteun, in pare verenig met navorsers uit 'n geesteswetenskaplike of sosiaalwetenskaplike agtergrond. Opnames van praatjies en skyfiestelle van die sprekers is via ons YouTube-kanaal beskikbaar.

Die reeks is baie goed bygewoon en deelnemers het gedurende en na afloop van die sessies waardevolle opmerkings toegevoeg en vrae gevra. Organisasies wat verteenwoordig was, is onder meer die RGN, UP, UCT, CPUT, SPU, UFH, UKZN, NWU, DUT, UWC, UNIZULU, UVS, TUT, WITS, en meer! Ons sien daarna uit om die verbintenis met hierdie groeiende gemeenskap van vroue in geestes- en sosiale wetenskappe, wat in die kruispunt van navorsing en onderrig en tegnologie belang stel, voort te sit.




NAVORSING OOR AFRIKAANSE GENDERTERMINOLOGIE DEUR SADILAR

- Benito Trollip

Aan die einde van 2020 het twee van SADiLaR se navorsers, Benito Trollip en Deon du Plessis, onderneem om navorsing oor Afrikaanse geslags-/genderterminologie te doen. Hulle belangstelling is uitgelok deur 'n Afrikaanse blog wat Benito tesame met Risha Lötter vroeër in 2020 geskryf het, waarin die uitdaging om jousef of jou geslagsidentiteit uit te druk indien die woordeskat daarvoor nie bestaan nie, bespreek is.

International Gender and Language Association's Conference



Toespitsing op geslags-/genderterminologie in Afrikaans, asook die moontlikhede wat digitale metodes bied om dit na te vors, het 'n geleentheid verteenwoordig wat hierdie navorsers nie deur hulle vingers wou laat glip nie.

Die eerste taak om aan die gang te kom, was die skryf van 'n opsomming om voor te lê vir 'n internasionale konferensie wat spesifiek gerig is op geslag/gender en taal. Die opsomming wat hulle geskryf en voorgelê het aan die 11de International Gender and Language Association's Conference ([aanlyn beskikbaar](#)), was die eerste stap om hierdie belangrike onderwerp op die voorgrond te stel. Die [video-aanbieding](#) is ook onlangs op SADiLaR se YouTube-kanaal gelaai. Hulle bespreking sluit verskillende interessante aspekte van die normatiewe geskiedenis van Afrikaans in, wat moontlik 'n rol gespeel het in die gebrek aan terminologie rakende die uitdrukking van geslagtelikheid. Hierdie navorsers het ook pogings deur lede van die taal- en ander gemeenskappe om terminologie te ontwikkel, uitgelig, soos dié van die

[Tshisimani Centre for Activist Education](#) en die Kommissie vir Geslagsgelykheid, in samewerking met PanSAT se nasionale taalraad vir Afrikaans. Verskeie metodes vir verdere ondersoek word in hulle aanbieding genoem.

Sedert die konferensie in Julie 2021 het die samewerking voortgegaan, meer spesifiek oor die onderwerpe vir verdere navorsing. Die projek word tans op verskeie wyses uitgebrei, wat 'n meer gedetailleerde bespreking insluit oor die verskeidenheid van sosiale, taalkundige en moontlik politieke aspekte wat die ontwikkeling van Afrikaans beïnvloed het, die uitbreiding van woorde wat in die bogenoemde konferensie-aanbieding na vore gekom het, en 'n bespreking van moontlike pejoratiewe of vernederende terminologie of kontekste waarin terme wat verband hou met LGBTQIA+-persone, gebruik word. Die projek sal ondersoek of hierdie terme deur die gemeenskap gebruik word, of steeds net gebruik word om te beledig of te verkleiner.

Kyk na die video-aanbieding [HIER](#).

Kontak ons:





KOMENDE GELEENTHEDE/GEBEURTENISSE:

Digital Humanities Association of Southern Africa (DHASA) Conference

29 November–3 Desember 2021

Die DHASA-konferensie is 'n interdisiplinêre platform vir navorsers wat op alle terreine van Digitale Geesteswetenskappe (insluitend, maar nie beperk nie tot taal, letterkunde, visuele kuns, uitvoerende en teaterstudie, mediastudie, musiek, geskiedenis, sosiologie, psigologie, taaltegnologie, biblioteekstudie, filosofie, metodologie, sagteware

en rekenarisering). Dit is gerig op die skepping van die toestande vir die opkoms van 'n wetenskaplike Digitale Geesteswetenskappe-gebruiksgemeenskap.

Aanlyn registrasie is oop tot 28 November 2021:

<https://dh2021.digitalhumanities.org.za/registration/>

Klik hier om op
ons nuusbrief
in teken



Hulpbronne vir Afrika-inheemse tale werkswinkel

**29 November-3 Desember
(gedurende die DHASA-konferensie)**

SADiLaR reël die tweede RAIL-werkswinkel in die studieveld van Afrika-inheemse taalhulpbronne. Hierdie werkswinkel is daarop gerig om navorsers wat daarin belangstel om hulle navorsing uit te stal en daardeur die veld van Afrika-inheemse tale 'n hupstoot te gee, bymekaar te bring. Dit verskaf 'n oorsig van die huidige nuutste moderne hulpbronne, en beklemtoon die beskikbaarheid daarvan vir Afrika-inheemse tale, onder meer die data asook gereedskap. Dit sal bykomend voorsiening maak vir die deel van inligting tussen navorsers wat in Afrika-inheemse tale belangstel,

en ook gesprekke begin oor die verbetering van die gehalte en beskikbaarheid van die hulpbronne.

Die RAIL-werkswinkel sal gesamentlik met die DHASA-konferensie gehou word, daarom sal registrasie deur die DHASA-webtuiste plaasvind: <https://dh2021.digitalhumanities.org.za/registration/>

Deelnemers sal vir die konferensie moet registreer en gedurende die registrasieproses moet kies om die RAIL-werkswinkel by te woon.

Kontak ons:

